NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# OKTOBER 2018

## Psalm 34

### DINK RADIKAAL ANDERS

Efesiërs 5: 16 - 17

Gebed is nie 'n universele roetine nie. Wat is die gebedsgeleenthede van jou huidige lewensseisoen?

### BID RADIKAAL ANDERS

Gebed is nie eendimensionele woorde nie, dit blom in emosie, musiek, digkuns, stories, kreatiwiteit, visualisering, ens. Dit inspireer soos Psalm 23 en 91.

### WEES RADIKAAL ANDERS

Jakobus 2:22

Gebed is nie 'n verskoning om onaktief te wees nie. Inteendeel, dit inspireer dade wat God se liefde uitdra.

### WAT IS ANDERS DIE MAAND?

Gebruik die wenke agterop om jou gebedsplan saam te stel. Vra die Here om jou te help. Gebed begin by jou verhouding met Hom.

### DE EIKE IS ANDERS

Gebed is wel 'n gewoonte. Bid voordurend (1 Tess 5:17) met 'n asemteug, 'n oordenking, 'n geloofsdaad, ‘n vraag, ‘n versoek, ‘n lofprysing, voorbidding.

# WEES GETROU IN GEBED

**Waarvoor wil jy bid?**
Dink aan konsentriese sirkels wat van jou af uitkring. Ons kan ook ons gebedslewe volgens Jesus se opdrag in Handelinge 1:8 inrig.

**Wanneer jy nie weet wat om te bid nie...**
"*Dit is nie nodig om lang redevoerings te bedryf nie; dit is genoeg om jou hand uit te steek en te sê: "Here, soos U wil, en soos U weet, ontferm U." En as die stryd hewiger word, sê "Here, help!" God weet baie goed wat ons nodig het en Hy toon ons sy barmhartigheid.*"

Makarios die Grote

**Bid saam**
As ons saam bid:
Skep ons eenheid.
Leer ons by mekaar.
Deel ons swaarkry en
vermenigvuldig vreugde.
Hou ons mekaar op koers.

**Ontwikkel jou unieke gebedsgewoontes**
Besluit hoe jy jou gebedslewe gaan bou om by jou leefstyl en lewensseisoen te pas. Staan tyd af in die oggend, aand of enige tyd van die dag, bid in langer of korter tye, bid op maniere wat jou inspireer.

**Onthou om te bid**
Stel alarms op jou telefoon of assosieer dit met alledaagse dinge soos: elke keer wat jy die ketel kook, wanneer jy 'n hond hoor blaf, 'n sirene hoor lui, roosterbrood ruik of 'n kind sien glimlag.

Bronne:
https://afrikaansortodoks.wordpress.com/2013/04/13/ek-glo-here-kom-my-ongeloof-te-hulp/
https://www.redletterchristians.org/6-bad-prayer-habits-mostly-guilty/
http://healthyspirituality.org/3-practical-prayer-habits-strengthen-prayer-life/